KWAGGA OPVOEDKUNDIGE SENTRUM

Voorligting en Sielkundige Dienste

KURSUS IN STUDIEMETODES

Liewe leerder en ouers

Ek bied ’n studiemetode kursus vir ons leerders aan om hulle te help met hulle voorbereiding vir die eksamen. Hierdie kursus sal voorlopig op **Woensdag 26 Mei om 14h:30 - 17:15** in klaskamer 10 (Juffrou Reitz se klas), aangebied word.

Ek sal die volgende aspekte hanteer:

- Studie en die brein: Hoe werk my sagteware?
- Doelwitstelling: Wat wil ek bereik met ’n studieplan?
- Beplanning: Hoe gaan ek my doelwit bereik?
- My unieke leerstyl (Visueel, Ouditief, Kinesteties)
- Opsommingstegnieke (Twee tegnieke sal verduidelik word.)
- Luistervaardighede en opsommings in die klas.
- Memoriseringstegnieke.
- Hantering van spanning: Wat maak ek met eksamenangs?

Kostes beloop **R200** per persoon. Leerders sal ook elkeen ’n **studiegids** ontvang.

Belangstellende leerders kan hulle plek by die Kwagga Opvoedkundige Sentrum (Voorligtingskantoor) bespreek en ook die gelde daar betaal, of ‘n EFT doen aan: HS Outeniqua Skoolfonds, FNB bank, Takkode 210114, Tjekrekeningnommer 620 9376 3673, verwysing: Naam+Studiemetode. Bring asb ‘n bewys van betaling op die dag van die kursus saam.

Leerders moet asseblief ietsie gesond eet voor die aanvang van die kursus en water saambring na die kursus toe. Hulle moet ook skryfbehoeftes (highlighters en post-it-plakkers) saambring.

Ek bied ook individuele kursusse aan vir die leerders wat voel dat die bogenoemde konsepte meer in diepte verduidelik en vasgelê moet word. Kontak my gerus indien dit u behoefte is. Dit sal privaat hanteer word.

Anne-marie Naude

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDIGE
PS. 0129780
Epos: Sielkundige@outeniqua.co.za
Tel: 044 874 4156